# Dagboekinskrywing

## Graad 3

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dagboekinskrywing

'n Dagboekinskrywing is 'n persoonlike ervaring.
Dit gaan oor wat jy dink en hoe jy voel.

gelukkig

hartseer

kwaad

opgewonde

verbaas

bang

liefdevol

teleurgesteld



# Stap 1

Skryf die dag en datum bo-aan jou inskrywing



## Stap 2

**Skryf altyd in die eerste persoon.**

(Jy skryf oor jouself)

**Gebruik woorde soos:**

**ek, my, myne**

11 Mei 2020

Ek wou vandag my boek lees. Dis mos myne ek kan maak wat ek wil.

# Stap 3

Jy kan skryf in die teenwoordige tyd, verlede tyd of toekomende tyd.

**Teenwoordige tyd**
Dit help jou om te sê hoe jy nou voel.

**Verlede tyd**
ge- het
Dit is iets wat reeds gebeur het.

**Toekomende tyd**
sal, môre, volgende week
Dit is iets wat nog sal gebeur.

11 Mei 2020

Ek voel moedeloos. Die somme is heeltemal te moeilik.

Ek het gedroom daarvan om buite te gaan speel, maar ek moes eers my werk doen.


Ek sal graag by my maatjie wil gaan speel.

# Stap 4

Onthou om altyd leestekens te gebruik.

**Gebruik altyd:**

**Hoofletters**
**Punte**
**Vraagtekens**
**Uitroeptekens**
**Kommas**



11 Mei 2020

Vandag was 'n lang dag.

Waarom voel ek so moeg vandag?

Ek wens die skool wil begin!

Mamma het vandag vir my pannekoek, roomys en sjokolade gegee.

# Stap 5

## Wees altyd eerlik.

Skyf oor goeie goed (hoogtepunte) sovel as slegte goed (laagtepunte)


Jou dagboek kan soos jou vriend wees met wie jy jou geheime deel.

11 Mei 2020

Ek was so opgewonde om vandag met ouma en oupa oor die telefoon te gesels.

My hart is so seer, want ek verlang vreeslik baie na hulle.

# Voorbeeld van 'n dagboekinskrywing uit Wimpy Kid.



Noudat die vriendskap geskiedenis is, is ek in die mark vir 'n nuwe vriend. Die probleem is, ek het al my tyd in Rowley belê en niemand het gereed gestaan om by hom oor te neem nie.

Die twee beste opsies wat ek nou het, is Christopher Brownfield en Tyson Sanders. Maar hulle al twee het hulle eie dingetjies.

CHRISTOPHER TYSON

Ek het die laaste paar weke van die somer gereeld saam met Christopher gekuier, meestal omdat hy 'n goeie muskietmagneet is. Maar Christopher is 'n somervriend eerder as 'n skoolvriend.

# Jou eie dagboekinskrywing

Jy gaan vir drie dae jou eie dagboekinskrywing maak.

Jy moet ten minste een paragraaf skryf.
'n Paragraaf moet uit 6 goeie sinne bestaan, maar jy mag meer sinne hê.

Jy kan op enige papier skryf en dit in jou boek plak of jy kan dit sommer in jou boek skryf.

Onthou wat jy alles geleer het en geniet dit.